



# PRO VERITATE

***THE BIBLE AND JUSTICE***

Chief Rabbi B. M. Casper

***VERSLAG OOR MY SUID-AFRIKAANSE BESOEK***

Prof. J. Verkuyl

***VIER TEEN EEN***

Prof. A. M. Hugo

***IN SEARCH OF THE PERMISSIVE SOCIETY***

K. Barnes

Registered at the Post Office as a Newspaper  
By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer

***Volume IX No. 2 | Jaargang IX Nr. 2***

***JUNE, 15 JUNIE 1970***

## REDAKSIE

REDAKTEUR (WAARN.):  
Dr. W. B. de Villiers.

REDAKSIONELE KOMITEE:  
Biskop B. B. Burnett; Eerw. J. de  
Gruchy; Eerw. A. W. Habelgaarn;  
Eerw. E. E. Mahabane; Mnr. J. E.  
Moulder; Ds. C. F. B. Naudé  
(Voorsitter); Prof. dr. A. van  
Selms.

## ADMINISTRASIE/ KORRESPONDENSIE

SIRKULASIEBESTUURDER:  
Dr. W. B. de Villiers.

Alle briewe vir die redaksie en  
administrasie aan: Posbus 31135,  
Braamfontein, Johannesburg.

## INTEKENGELD

Intekengeld is vooruitbetaalbaar.

Land-en seepos: R1 (10/- of \$1.40)  
— Afrika; R1-50 (15/- of \$2.10)  
— Oorsee; 17/6 — Engeland.

Lugpos: R2-00 (£1 of \$2.80) —  
Afrika; R3-50 (£1/17/6 of \$5.00)  
— Oorsee; £2 — Engeland.

Tjeks en posorders moet uitgemaak  
word aan Pro Veritate (Edms.) Bpk.,  
Posbus 31135, Braamfontein, Johan-  
nesburg.

## LET WEL

Die redaksie van Pro Veritate ver-  
klaar dat hy nie verantwoordelik is vir  
menings en standpunte wat in enige  
ander artikel van hierdie blad ver-  
skyn as die inleidingsartikel en redak-  
sionele verklarings nie.

PRO VERITATE verskyn elke 15de  
van die maand.

(Prys per enkel-eksemplaar 10c)

Gedruk deur Prompt Druipers  
(Edms.) Bpk., Harrisstraat 11,  
Westgate, Johannesburg.

All political comment in this  
issue by W. B. de Villiers of 35  
Jorissen Street, Braamfontein, J.  
Verkuyl of 21 Van Eeghen Street,  
Amsterdam and A. M. Hugo of 21  
Kensington Crescent, Oranje-  
zicht, Cape Town.

Alle politieke kommentaar in  
hierdie uitgawe deur W. B. de  
Villiers van Jorissenstraat 35,  
Braamfontein, J. Verkuyl van  
Van Eeghenstraat 21, Amsterdam  
en A. M. Hugo van Kensington-  
singel 21, Oranjezicht, Kaapstad.

# PRO VERITATE

● The Bible and Justice Chief Rabbi B. M. Casper .....	2
● Verslag oor my Suid-Afrikaanse Besoek Prof. J. Verkuyl .....	3
● The African Independent Churches' Social and Political Implications Rev. E. Maqina .....	7
● Deur die Kerk in die Steek Gelaat Dr. W. B. de Villiers .....	8
● Society — Permissive? I. Browde .....	10
● In Search of the Permissive Society K. Barnes .....	11
● Kerklike Tug — 'n Heilige Saak Boekbespreking .....	13
● Vier teen Een Prof. A. M. Hugo .....	14
● Briewe .....	17

Redaksioneel:

## OPE BRIEF AAN ALLE VOLKSRAADSLEDE

U word hartlik gelukgewens met u onlangse verkiesing (of herverkiesing) tot lede van die amptelike Volksraad van die Republiek Suid-Afrika. Mag Gods rykste seën op u en op al u beraadslaginge rus.

Waar u eersdaags formeel in Kaapstad sal vergader om die groot verantwoordelikhede aan u opgedra gesamentlik te vervul, is dit nou waarskynlik die geskikste geleentheid om 'n paar gewigtige sake beleefdelik onder u aandag te bring wat so maklik vergeet kon geraak het in die hitte van die politieke stryd.

Eerstens dan, wil ons u herinner aan die die aanhef tot die grondwet van ons land, waarkragtens onderdanigheid en gehoorsaamheid aan God, die Almagtige, betuig en beloop word. Dit is God alleen wat regeer ook oor hierdie land, nie enige menslike persoon of politieke party nie. U is dan ook gekies en geroep om veral in **Sy** diens te staan en om boweal gehoorsaamheid en lojaliteit teenoor Hom en sy wet te betoon. Ook Suid-Afrika behoort aan die Here en u is deur Hom uitverkies as opsigters oor sy besit. Mag u van dag tot dag die genade ontvang om goeie rekenskap te gee van die kosbare rentmeesterskap aan u toevertrou.

U tweede groot verantwoordelikheid, kragtens sy wet, is dan ook dié teenoor u naaste; in die eerste plek teenoor al diegene wat u onder Gods bestel tot u hoë amp verkies het, maar veral dan ook teenoor diegene wat nie die voorreg en die hoë roeping gehad het om aan u verkiesing deel te neem nie: die miljoene onmondiges — vanweë hulle jeugdigheid of hul huidskleur — in ons land. Mag die Here u lei om met egte wysheid te beskik oor die toekomslot van veral hierdie kinders en stiefkinders van Suid-Afrika wat aan u sorg toevertrou is. Ook hulle lewe en welvaart rus in u hande.

Ten slotte, net nog een ding. Voor die verkiesing is 'n sogenaamde „Christelike Verkiesingsmanifest” deur 'n sewentig-tal besorgde Christene uitgereik waarin veral klem gelê is op die eise van versoening, waarheid, geregtigheid en liefde by die verkiesing van ons volksvertegenwoordigers. Ons glo dat duisende kiesers wel kennis geneem het van hierdie oproep toe hulle u as Volksraadslede gekies het. Daardeer word 'n heel besondere eis dan ook aan u gestel. Mag u die groot en verantwoordelike taak wat u opgelê is, steeds bly sien as 'n versoeningstaak, 'n waarheidstaak, 'n geregtigheidstaak en 'n liefdestaak.

Ons groet u en bid u sterkte toe!

Editorial:

## OPEN LETTER TO ALL MEMBERS OF PARLIAMENT

You are heartily congratulated on your election (or re-election) as members of the official Parliament of the Republic of South Africa. May God's richest blessings rest on you and on all your deliberations.

Since you will shortly formally assemble in Cape Town jointly to fulfil the great responsibility laid upon you, this is probably the most suitable occasion respectfully to bring to your attention a few important matters which could so easily have been forgotten in the heat of the political struggle.

Firstly, then, we wish to remind you of the preamble to the constitution of our country, according to which subservience and obedience to Almighty God is attested and promised. God alone rules over this country, too; not any human person or political party. You have been chosen and called to stand in **His** service especially and to prove obedience and loyalty to Him and His law above all. Also South Africa belongs to the Lord and you have been elected by **Him** as overseers of His property. May you receive the grace from day to day to give good account of the precious stewardship entrusted to you.

Your second great responsibility, according to His law, is that towards your neighbour; in the first place towards all those who elected you to your high office under the dispensation of Providence, but especially towards those who did not have the privilege and the calling to participate in your election: the millions of minors — whether on account of their youth or of the colour of their skin — in our country. May the Lord guide you to decide with true wisdom on the future fate of these children and stepchildren of South Africa entrusted to your care. Also their lives and welfare are in your hands.

Finally, just one thing more. Before the election, a so-called "Christian Election Manifesto" was issued by some 70 concerned Christians in which particular emphasis was laid on the demands of reconciliation, truth, justice and love at the election of our people's representatives. We believe that thousands of voters did in fact take note of this appeal when they elected you as Members of Parliament. This places a quite exceptional responsibility upon you. May you continue to see the great and responsible task entrusted to you as a task of reconciliation, of truth, of justice and of love.

We greet you and pray that you may find the necessary strength!

*On the 26th May a public meeting was called in Johannesburg by the Witwatersrand Council of Churches. The meeting was designed to express concern over the well-being of 22 re-detained men and women; the principle and practice of solitary confinement and detention without trial and hence the erosion of the Rule of Law in South Africa.*

*Rabbi B. M. Casper, Chief Rabbi of the Federation of Synagogues of South Africa, spoke together with Bishop L. Stradling of Johannesburg, Dr. B. van Niekerk of the Law Department of Wits. University, and Mr. H. Koch.*

*We gratefully publish Rabbi Casper's talk both for his stand and his Biblical exposition. In so publishing we also wish to show our desire to promote dialogue and understanding between Christians and Jews.*

---

## THE BIBLE AND JUSTICE

### Chief Rabbi B. Casper

---

Although this meeting has been called in the name of the Christian Church Council, I am grateful to you for having invited me to join my voice with yours in this expression of public conscience and religious principle. I am not a politician; I speak as a Rabbi, a Minister of Religion. But I see this assembly as a manifestation of widespread concern both for the rule of law and for the good name of South Africa.

No one questions the responsibility or the duty of authority for such steps as are required for the maintenance of good order and stability; and there is a general abhorrence of sabotage and terrorism which can only lead to anarchy and confusion. But there is cause for alarm and anxiety when the possibility is created for men and women to be put away silently for prolonged periods, perhaps indefinitely, without any judicial process; or sometimes, as it seems, even in flagrant defiance of that process of law. If such administrative powers should, heaven forbid, become part of the pattern of our society, the dangers which have overtaken other countries would gain a foothold here also, and freedom and peace of mind would be placed in jeopardy.

#### STATE EXISTS FOR CITIZENS

The State, we must not forget, should exist for the sake and benefit of its citizens, and not the other way

round. Accordingly it should be ever sensitive to human rights and to the rule of law; and the absolute principles of morality and justice must be the constant yardstick by which State actions and policies are measured and assessed.

Ours is an age which has witnessed or experienced human agony on so vast a scale, including the deliberate extermination of masses of innocent people, that there is some danger of the blunting, through familiarity, of our sense of outrage and indignation at the evidences of man's inhumanity to man. Therefore we need to reaffirm and re-emphasise the biblical teaching that man was created in the Divine Image, and that he is forbidden to deal with his fellow-man arbitrarily, as though he were a mere chattel. Moreover, all prophetic teaching, as well as Scripture and subsequent history, warns that if we ignore this fundamental law of life we do so at our peril.

#### THE CALL OF THE BIBLE

We who take our stand on biblical teaching are conscious of the injunction of Deuteronomy, "Justice, Justice, shalt thou pursue"; and of the respect and dignity to be ascribed to every human being because of the Divine spark in him. Even a legally convicted criminal was not to be punished excessively, without limitation or restraint, "lest thy brother be

*of light account in thine eyes*", — an object of contempt of no worth. The call of Isaiah rings in our ears: "Seek Justice, undo oppression, defend the fatherless, plead for the widow" (1.17). Indeed, so often the very essence and meaning of justice are linked with the treatment of the weak and defenceless at the hands of those who wield temporal power. And when we think of the anguish and the sighs, the frustration and the tears of those who are detained in prison without trial and without recourse to a judge, as well as the suffering and bitterness of their wives or husbands and children, we see a picture reflected in the verse of Ecclesiastes (4.1): "Behold the tears of the oppressed who have no one to comfort them. On the side of their oppressors there was power; but there was none to comfort them."

#### SILENCE IS COMPLICITY

To keep silent in such a situation would mean to share in the responsibility for it. All over the world the relevancy of religion to the modern situation is being challenged. It is being said that religion has borne no moral fruitage. Yet the lesson of *Genesis* is permanently valid. To the question: "Am I my brother's keeper"? we have been taught to answer with an emphatic Yes! Therefore I appeal to the authorities from this platform and plead with them: if there are persons who are thought to have offended against the safety of the State, or in any other way to have threatened its peace and good order, let them be brought to account. If they are found guilty after fair and proper trial, then let them be punished in accordance with the findings of the courts. But if they are not brought to trial, or if they are acquitted, then let them go free. And let justice be seen to be done in the land.

Then, in the words of Isaiah, shall thy righteousness go before thee, and the glory of the Lord shall be thy protection.

*Die bekende sendingwetenskaplike, Prof. dr. J. Verkuyl, van die Vrije Universiteit, Amsterdam, het onlangs, op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, 'n lesingtoer deur Suid-Afrika onderneem. Prof. Verkuyl is 'n uiters stimulerende denker, maar daarom ook 'n omstrede figuur. Vandaar dat daar in breë kring met belangstelling uitgesien is na 'n verslag van hom oor sy indrukke omtrent ons land. Dié verslag het soewe die lig gesien en PRO VERITATE het vergunning ontvang om minstens dié gedeeltes uit sy verslag wat vir Suid-Afrikaners van besondere belang sal wees, te publiseer. Hieronder, dan, die eerste aflewering van Prof. Verkuyl se uitvoerige oorsig, wat uiteindelik sal uitval in vyf artikels. Ons plaas dit in Afrikaanse vertaling met 'n kort Engelse opsomming.*

## VERSLAG OOR MY SUID-AFRIKAANSE BESOEK

Prof. J. Verkuyl

### I. DIE UITNODIGING EN DIE AANLEIDING TOT DIE UITNODIGING

Op 29 Junie 1969 het ek van die toenmalige sekretaris van die destydse Christenraad van Suid-Afrika (tans die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke) biskop B. B. Burnett 'n uitnodiging ontvang om in Maart/April 1970 'n besoek te bring aan Suid-Afrika as die gas van die Raad van Kerke.

Die aanleiding tot hierdie uitnodiging was geleë in die feit dat hierdie Raad van Kerke, in 'n „Boodskap aan die Volk van Suid-Afrika”, sowel die ideologie van apartheid as die praktiese toepassing daarvan op Bybelse gronde radikaal verwerp het. Daarna het 'n fase begin waarin dit daarom gegaan het om hierdie „boodskap” uit te werk en om te stimuleer tot alternatiewe oplossings.

Binne dié kader was allerlei groepe werksaam en die biskop het gevra of ek bereid sou wees om in die vorm van lesings en diskussies bydraes te lewer tot 'n teologie en praktyk van transformasie in Suid-Afrika.

Hierdie versoek is kort daarna kragtig ondersteun deur die Christelike Instituut van Suider-Afrika.

Toe ek hierdie uitnodiging aange- neem het, het baie mense my meege-

deel dat ek daarmee die deur gesluit het vir kontak met die N.G. Kerk en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Die teendeel het egter geblyk die geval te wees.

Enkele jare vantevore het ek 'n uitnodiging vanuit een van die gereformeerde kerke ontvang, 'n uitnodiging wat later deur die mat geval het. Indien ek ook hierdie keer 'n uitnodiging van die N.G. Kerk en/of van die Gereformeerde Kerk ontvang of aangeneem het, dan sou ek vermoedelik hoofsaaklik met dié kerke kontak gehad het. Nou het ek die geleentheid gehad tot kontak met alle ledekerke van die Raad en was daar tewens vrywel ook volop geleentheid tot kontak met die N.G. Kerk en die Gereformeerde Kerk (sowel met die „moeder-” as met die „dogterkerke”). Die besoek aan die sentra van hierdie kerke, Stellenbosch en Potchefstroom, beskou ek as een van die belangrikste onderdele van die hele reisprogram en veral ook die gemeenskap met die „Bantoe-dogterkerke” en die „Kleurling-dogterkerke”.

Terugsiende op hierdie onvergeetlike reis moet ek dankbaar erken dat die feit dat ek die gas was van die Raad van Kerke en die Christelike Instituut oral deure geopen het en

my die geleentheid gegee het om oral kontakte te smee, nie alleen in kerklike kringe nie, maar ook met Joodse (Johannesburg), Moslemse, Hindoesse (Durban) groepe en eweneens onder sekulêre „non-church groups”.

Ek betuig dan ook van ganser harte my dank aan die Raad van Kerke vir hierdie uitnodiging en aan die teologiese fakulteit en die curatorium van die Vrije Universiteit, wat my nie alleen toestemming tot hierdie reis gegee het nie, maar ook die koste van my vliegtuigkaartjies vergoed het.

Om tot 'n reëlmatige verslag te kom, wil ek eers graag in enkele flitse iets beskryf van die „konteks” waarin hierdie besoek plaasgevind het. 'n Besoekreis is nou eenmaal nie tydloos en ruimteloos nie; so 'n reis vind plaas in 'n bepaalde ruimte en in 'n bepaalde tyd. Die tyd was merkwaardig genoeg. Daar was enorme spanninge in die samelewing en daar was, na 'n tyd van apatie onder diegene wat 'n ander rigting wil inslaan, 'n nuwe ontwaking, 'n nuwe sensitiwiteit te konstateer, so- dat die besoek veel meer „weerwerk” ontvang het as wat ek tevore sou kon vermoed het. Ek wil nou probeer om hierdie konteks in kort fragmente te beskryf.

## II. DIE PERIODE EN „KONTEKS” WAARIN HIERDIE REIS PLAAS- GEVIND HET

### (a) Die Verkiesingstryd

Gedurende hierdie besoekreis was die stryd rondom die komende „algemene” verkiesing in volle gang. Dit is ’n merkwaardige en in vele opsigte verbysterende ervaring om ’n verkiesingstryd te volg waarin die groot meerderheid van die bevolking van die stemreg uitgeslote is en waarin daar deur sommige partye veralgemeninge oor die groot meerderheid kwytgeraak is wat hierdie meerderheid op tallose maniere ten diepste gekwets en die waarnemer met skaamte vervul het.

Die „Herstigte Nasionale Party”, onder leiding van die bejaarde dr. Albert Hertzog, oud-minister en seun van die beroemde generaal uit die Boere-oorlog, het die „Nasionale Party” dag in en dag uit aangekla oor die sg. „uitwaartse beweging”, ’n politiek wat ’n heel klein bietjie rekening hou met die gevoelens van die buitelandse Afrikaanse state en diplomate en met die noodsaaklikheid van „konsessies” by internasionale sportgebeurtenisse. Hoewel hierdie politiek van „uitwaartse beweging” hoogstens „apartheid with a smile” genoem kan word, het die woede van die H.N.P. daarteen losgebars. Op die mees krasse wyse is die magsmonopolie van die blankes bepleit en is daar selfs geroep om die afskaffing van *Engels* as een van die twee amptelike tale!

### „WHITE POWER”

Die H.N.P. het sonder masker opgetree as blank-rassisties, anti-demokraties, anti-semities en anti-swart. Daar is ’n „baasskap-ideologie” van die ergs-denkbare soort geventileer. Ruie, onbeskaamde en keiharde „white power”.

Dit is onbegryplik dat ’n oud-hoofredakteur van *Die Kerkbode* (die blad van die N.G. Kerk) soos dr. W.

Lubbe sy siel aan hierdie party verkoop het en die hoofredaksie van die blad van hierdie party op hom geneem het, terwyl dr. A. P. Treurnicht, ’n vorige oud-redakteur, sonder om uiterlik toe te tree tot hierdie party, baie simpatiek staan teenoor die H.N.P. Treurnicht was in beter dae die leidende figuur van die toentertyd nog veelrassige Christen-Studentebeweging en is ’n gebore leiersfiguur, maar hy het hom in hierdie verkiesingstryd onnoemlik gekompromitteer.

My indruk was dat die H.N.P. in feit te weinig aanhang het (’n indruk wat deur die uitslag van die verkiesing bevestig is). Daar was slegs één punt waar die kritiek van die H.N.P. weerklank gevind het, nl. die kritiek op die sedert 1969 groeiende invloed van die veiligheidspolisie, wat onder die regstreekse bevel van die eerste minister staan. Die meeste was wel van oordeel dat hierdie kritiek iets beet het, maar dat as die H.N.P. aan die bewind sou kom, Suid-Afrika nóg meer ’n polisiestaat sou word as wat nou reeds die geval is.

In die verkiesingspropaganda van die tans regerende „Nasionale Party” het twee teenstrydige tendense na vore gekom.

In die eerste plek die tendens om die H.N.P. (die sg. Hertzogiete) die wind uit die seile te neem deur steeds weer te beklemtoon dat die mag van die Nasionale Party die enigste waarborg is dat die hef in die hande van die blankes bly en dat hierdie party dit bo alles stel om die „blanke” gebiede so “blank” moontlik te hou.

### WERKRESERVERING

So is daar bv. op 3 April, as kennelike verkiesingstruuk, afgekondig dat ’n hele reeks werkgeleenthede en arbeidssoorte waarin die „black Africans” „binnegedring” (!) het, weer vir hulle gesluit sou word. ’n Maatreël wat bedoel is om werkreservering, teen alle ekonomiese en maatskaplike ontwikkelinge in, *nog* strawwer toe

te pas. Opnuut sal dan duisende „Africans” uit bepaalde werkkringe gestoot word (bv. beroepe soos kassier, tikster, ens.!).

’n Tweede tendens is om veral die nadruk te lê op die bedoeling van die apartheidspolitiek om die „nie-blankes” binne hul eie sfeer bepaalde regte toe te ken en bepaalde beperkte ontwikkelinge te waarborg, met uitsluiting egter van die sentrale magsuitoefening.

’n Tweede verkiesingstruuk was bv. die proklamasie van Zoeloeland tot Bantoesan gedurende die verkiesingstryd.

Die „Verenigde Party” (United Party) onder leiding van Sir de Villiers Graaff het veral aanhang onder die Engelssprekendes, maar ook wel onder Afrikaanssprekendes wat meer sien in die voortsetting van die politiek van wyle Jan Smuts as in die konsentrasie op die Afrikanerdom. Min mense weet bv. dat De Villiers Graaff ook lidmaat is van die N.G. Kerk en dat baie van sy volgelinge eweneens tot dié kerk behoort. Maar die groot meerderheid van die lede van hierdie party bestaan uit Engelssprekendes.

In werklikheid is die verskille tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party nie so groot nie. Die V.P. bepleit wél terugkeer tot parlementêre verteenwoordiging vir die nie-blanke groepe, maar die verteenwoordigers sou dan tog moet bestaan uit ’n onbetwisbare meerderheid blankes, houers van die blanke fort as’t ware. Tot volle aanhoor van die nie-blanke groepe skreeu ook hierdie party dit van die dakke dat die blanke magsmonopolie, hoewel regverdiger toegepas as tans („White leadership with justice”), tot in ewigheid gehandhaaf moet word. Indien die V.P. aan die bewind sou kom, sou veel van die apartheid wél versag word en sou daar wel gepoog word om ’n samelewing te bewerkstellig wat as geheel meer lojaliteit aan Suid-Afrika betoon as aan blanke of swarte stameenhede.

*'N STEM VIR STEMMELOSES*

Die enigste politieke party wat begrip toon vir wat werklik omgaan in die harte van die groot meerderheid, is die „*Progressiewe Party*”, onder parlementêre leiding van die seer bekwame Helen Suzman, 'n Joodse vrou. Hierdie vrou praat telkens en telkens weer die waarheid omtrent die verontregting van die stemmeloses. Sy bepleit 'n „*gekwalifiseerde stemreg*”, waarin die stemreg aan alle groepe toegeken sal word op basis van bepaalde eise wat betref onderwys en verantwoordelikeheidsbesef.

'n Mens vra jousef af of selfs op hierdie wyse daar wel reg sou geskied aan die duisende wat nie behoort tot die groepe vir wie *verpligte skoolonderwys* geld nie en wat eenvoudig nie geleentheid het om die *gekwalifiseerde stemreg* te verwerf nie. Eintlik is daar op die oomblik in Suid-Afrika nog geen enkele „blanke party” wat pleit vir die opbou van 'n werklik pluralistiese samelewing waarin elke groep op 'n gelyke niveau deel sal hê in die verantwoordelikheid in die magsuitoefening nie. Die moontlikheid dat die huidige skyndemokrasie hom sal ontwikkel tot 'n egte, dinamiese demokrasie sal eers dan aanbreek as demokratiese regte op die een of ander manier tot alle groepe uitgebrei word.

*TUISLANDLOOS*

Solank soos die verhouding tussen die verkosenes en die kiesers tot die blanke groep beperk bly, sal die magsmonopolie gehandhaaf bly. Hier en daar bemerk 'n mens die neiging om die stemreg uit te brei tot die *Kleurlinge*, omdat hierdie groep geen „tuisland” het nie, dieselfde taal praat as die blanke groep, deel het in dieselfde kultuur en grotendeels ook dieselfde godsdiens aanhang. Indien dit gebeur *sonder* dat die swart Afrikane dieselfde regte ontvang, is die gevaar nie denkbeeldig nie dat 'n deel van die *Kleurlinge* hulle sal laat

oorreed om deel te neem aan die magsmonopolie van die blankes met uitsluiting van die meerderheid van die bevolking en dat hierdie groep dan nog meer as tans tot speelbal word tussen die „blankes” en die „swartes”.

In baie opsigte was dit onthullend om die stryd te volg. Die gedagtes wat in baie harte lewe, het openbaar geword. 'n Mens kon na kus en keur uitsprake hoor en lees in die pers van verkiesingsredenaars wat 'n mens gedog het bloot nog in huise gefluister word. Die *blanke supremasie* en die handhawing van 'n rassistiese kastesistiem is van die dakke as hoogste waarheid verkondig. En baie van dié mense was nouliks bewus van die gevoelens van diegene oor wie se lot opnuut beslis is, sonder geleentheid tot medesegeenskap op die niveau waar die sentrale mag uitgeoefen word. 'n Mens het die indruk gekry dat baie jongmense, veral onder die Engelssprekendes — sy dit dan aarselend en in die openbaar nouliks geartikuleerd — aanvoel dat dit só nie langer kan en mag voortgaan nie.

*EERSTE MINISTER*

In Durban het ek 'n verkiesings-aand meegemaak, waar die Eerste Minister by elke paragraaf van sy rede onderbreek is deur jong *Progressiewes*. Hulle is deur hom kragdadig tot gehoorsaamheid gemaak. Blykbaar het hy die tyd vergeet toe hy, in 'n bepaalde periode van sy lewe, die leier was van 'n rebelleklub was wat in die Tweede Wêreldoorlog die stryd teen Hitler gesaboteer het, soos dr. Alan Paton snedig opgemerk het tydens 'n besoek aan hom.

Sal wat by die Engelssprekende jongmense van die dakke verkondig word, wat by sommige jongmense onder die Afrikaners in die huise gefluister word en wat by die jong geslagte van „black Africans” en *Kleurlinge* diep in die harte verborge word, sal dit nog wel 'n geleentheid tot uiting kry langs wetlike weg in Suid-Afrika?

Dit was en is die vraag wat baie besig hou.

Intussen is die uitslag van die verkiesing bekend. Die kankergewas wat verteenwoordig is deur die *Herstigste Nasionale Party*, is weggesny. Albert Hertzog en sy volgelinge het geen grond onder die voete gekry nie. Indien hulle as party in die parlement gebly het, sou hierdie sieklike nasionalisme as 'n kanker bly voortwoeker het.

*UITWAARTS NOU 'N FIAT*

Die *Nasionale Party* het wel 'n bo'hoorlike meerderheid behaal, maar het nie alleen 'n hele aantal setels aan die *V.P.* prysgegee nie, dog die basis onder die setels het vir baie veel swakker geword dan tevore die geval was. Die moontlikheid dat 'n koalisie-regering tussen *N.P.* en *V.P.* tot stand sal kom, word gering geag. *Vorster cum suis* sal probeer om die monopolie van mag voort te sit. Maar daar sal nou ietwat meer geleentheid bestaan tot die maak van klein konsessies en die matiging van die apartheidspolitiek. Die politiek van die „uitwaartse beweging” het nou van die elektoraat 'n *fiat* ontvang. „Apartheid with a smile” sal voortgesit word.

Maar die moontlikheid dat die toegemete tyd gebruik sal word om tot gelyke reg vir almal en tot samewerking en deelname vir alle groepe te kom is op die oomblik helaas nog nul.

————— :: —————

*ENGLISH SUMMARY*

In this, the first of five articles on his visit to South Africa earlier this year, Prof. J. Verkuyl, of the Free University, Amsterdam, states that he was invited to visit our country by the South African Council of Churches and that, against all expectations, this did not preclude him from contacts with the N.G. Kerk and the Gereformeerde Kerk, the contacts

with whom he regarded as highlights of his visit.

By way of introduction he describes the "context" in which his visit took place, since every visit takes place within a particular space and a particular time. His visit took place in the heat of the election battle: a "general" election which could not but astound him as an objective observer because the large majority of the population were excluded from it and because generalisations were made about this majority by politicians which deeply hurt them and filled the objective observer with shame.

Dealing with the various political parties, he has the following comments to make:

Dr. Albert Hertzog's *H.N.P.* strenuously objected to the National Party's "outward policy", a phenomenon which he calls "apartheid with a smile". It had a point in criticising the growing influence of the Security Police, although one shudders to think how much more of a police state South Africa would become under an *H.N.P.* government. But, basically, it was a party which shamelessly came to the fore as white-racist, anti-democratic, anti-semitic and anti-black. This was crass, unashamed and undaunted "white power" in the raw.

The *National Party*, on the other hand, confused one with its ambiguous propaganda.

On the one hand, it tried to outbid the Hertzogites by trying to prove to the electorate that only the National Party would assure the maintenance of "white areas" for the "Whites".

On the other hand, it lay great emphasis on its intention to accord the "non-Whites" certain rights within their own sphere, except, of course, any rights in the central government.

The United Party was basically the party of the English-speakers. Very

little real difference existed between it and the National Party. Although it was prepared to make certain concessions, it was also loudly proclaiming the white monopoly of power (although more justly applied).

The only political party which seemed to realise what was really going on in the hearts of the vast silent majority was the *Progressive Party*, with its "qualified franchise" policy. Even this policy did not ultimately fill the bill, however. In fact, there was no "White" party which was honestly advocating a pluralistic society in which every group would share equally in the responsibility of government. As long as this situation lasted, democracy in South Africa was a pseudo-democracy.

There was, of course, considerable talk of extending the franchise to the Coloureds, for obvious reasons. If this were, however, to happen without the same rights being accorded to Africans, some of these Coloureds would inevitably find themselves subverted into participating in the White power monopoly to the exclusion of the Blacks, which would make them only more of a football between Whites and Blacks in this country than ever before.

It was a revealing election to follow for an outsider. Public statements made by politicians and in the press amounted to nothing less than the proclamation of White supremacy and the maintenance of a racist caste system as the highest truth. And none of those who made these statements seemed to realise how much hurt they were inflicting upon the spirits of those whose lot was again being decided without any participation on their part.

There was some hope to be derived from the reaction among South African youth. But the haunting question remained whether this reaction — open amongst English-speakers, muted amongst Afrikaans-speakers and only covert amongst the young non-Whites — would still have the

time to find an opportunity for expression by legal means in South Africa.

In the meantime the results of the election have been made public. The cancerous growth of the *H.N.P.* has, mercifully, been excised. The governing National Party has taken a bit of a knock from the side of the *U.P.* The prognosis is: a few more concessions and a moderation of the apartheid policy in accordance with the *fiat* for the "outward policy" received from the electorate. "Apartheid with a smile" will be continued.

But there seems to be no chance whatsoever of the time still left to South Africa being used to accord equal rights to all and to attain cooperation and participation of all groups.

#### BOOK REVIEW

"Why Pray", by Fr. Gibbard, S.S.J.E., is one of the new-style seminal books on prayer. It introduces the subject of prayer to the modern man who is questing for perspective and fulfilment amidst the stress of modern living conditions, and who feels, in spite of everything, the need of prayer. As the author expresses it: "The working out of the implications of what prayer might mean as exploration of reality and engagement in and reflection on life is the theme of the book". To this end Fr. Gibbard deals with the accepted monastic categories of work and meditation and their relation to prayer in a manner that could be called refreshingly secular, that is to say, realistically related to modern needs. The same can be said of his chapters on group prayer, the approach to the Bible, and the prayer of asking. A book to be recommended to all those who are in search of true, secular, Christian living.

M.M.C.



## AFRICAN INDEPENDENT CHURCHES — SOCIAL AND POLITICAL IMPLICATIONS

REV. E. MAQINA

*Rev. E. Maqina was a primary school headmaster and is now leader of one of the Independent Churches.*

Perhaps it would help us to look at the birth of the African Independent Churches programme. This programme started in 1872 when Rev. Mangena Mokone formed his own church, the Ethiopian Church. Fourteen years later another minister, Rev. Dwane followed suit and, after joining the Ethiopian Church, played a leading role in the affiliation to a Negro Church, the A.M.E. Cohesion did not last and Dwane founded the Order of Ethiopia by the Church of the Province. Here was a secession caused by racial tensions. "Africa for Africans" was the cry. It is perhaps significant that these pioneers should firstly affiliate to a Negro Church and then afterwards seek to keep links with the mission churches, but having their own "order" the Order of Ethiopia.

### PENTECOSTAL IDEOLOGY

In 1904 the laymen also took part in this programme of Separate Identity by the advent of Pentecostal Ideology; "divine healing", speaking with tongues. Prophets came to light. This did not need theological training. Thus the Zionist Group came into being — a group that has not got much link with the mission churches. Whereas the structure of the Ethiopian group is identical to that of the mission churches, it clamours for the Christian religion to be robed in African garbs.

The latter groups seek to do away with the Western type of Christian religion and build a Christian religion on African culture. The taboos, the purification rites, immersion and the drum express its religion.

### EMERGING PICTURE

What does this picture show us? A people who would like to identify themselves.

A people who are sick and tired of being used to uphold the German Culture of the Lutheran Church, or the English Culture of the Church of the Province, to name but two of the mission churches.

A people who would like to express the Christian religion in a manner that has real meaning against their cultural background.

What rôle are the mission churches playing in the meantime?

To me it is unfortunate to see the mission churches standing in the way of this change. To mention but one example: the wonderful church buildings that stand unused for hours on Sunday and are not available for use by Independent Churches are causing animosity against the Mission Church, which symbolises Western culture. Hence the nativistic approach of the Independent Churches.

Leaders of the Independent Churches are not accepted whilst having made phenomenal strides among the non-Christian blacks. This non-acceptance has caused the Independent Churches to form their own circle and muster, as it were, their own force. That is nursing an embitterment against the historic churches.

### LIBERATION

Our African brothers in the historic churches are being seen as stooges who are used, as I have mentioned before, to uphold foreign cultures through Christianity. We would like to liberate them so that they join our fold. We read with interest a speech by Dr. Nkomo in a symposium

sponsored by the Interdenominational African Ministers' Association of South Africa, at Diepkloof recently. Here he spoke favourably of the Independent Churches' movement. This shows that the Independent Churches are concerned with the freedom of the Blacks in White churches. The Independent Churches are standing for free expression. This free expression that is sought by this black force of Independent Churches cannot be limited to part of man, but must encompass the whole man. The background of our leaving the white churches is not the seeking of self-ambition but the awareness of what we regard as the distortion of the Gospel, namely, racial discrimination and prejudice within the white church.

Let me end by saying: We are a permanent part of South African ecclesiastical situation. We are clamouring for recognition by the white church. The longer a deaf ear is turned on us, the more embittered we become against the white church. This can lead to only two things.

- (a) Emergent nationalism in the Independent Churches.
- (b) Deterioration in race relations.

### SEPARATE ECCLESIASTICAL DEVELOPMENT

Can separate development be avoided in this case? My answer is No! Because we are dealing with people who have their frailties and pride. The imposition of the early missionaries of their form of religion and the domination of one group over the other is causing the latter group to draw attention to its own existence; and what better way than having your own circle.

It is my fervent wish that these groups come together on equal terms, find a compromise and present Christianity in a universal form. But is this possible as long as churches are institutions? Is the time not ripe for Christianity to be presented as a movement?

*Suid-Afrika, en veral dan die Kerk van Christus in Suid-Afrika, staan gekonfronteer deur skynbaar onoplosbare probleme. Die artikel hieronder vorm deel van 'n poging om dié probleme nader te omlin en om, sodoende, minstens nader te kom aan sinvolle oplossings. Hierdie inleidende artikel is die eerste van 'n reeks wat in volgnommers van PRO VERITATE sal verskyn en wat, onder andere, sal handel oor die rol wat die „Afrikaanse” en die „Engelse” Kerke in Suid-Afrika speel en gespeel het — of NIE gespeel het en speel nie — in die ontstaan van die huidige beklemmingstoestand in ons land, hul verhoudings en roeping teenoor mekaar en die vooruitsig vir die toekoms. 'n Deel van dié reeks sal in Afrikaans, 'n deel in Engels verskyn.*

## DEUR DIE KERK IN DIE STEEK GELAAT

### DIE HUIDIGE TOESTAND

Die nie-blanke bevolking van Suid-Afrika bevind hom lank reeds in 'n toestand waaroor daar nouliks te juig en te jubel val. Dog ook die blanke bevolking versink geleidelik al hoe meer — minstens op nie-materiële vlak, want na die uiterlike gaan dit met ons heel uitstekend goed — in 'n situasie van 'naglikheid wat nouliks meer weg te redeneer is.

Dit is geen geheim meer nie: in die oë van die buitewêreld het Suid-Afrika en sy berugte rassebeleid volgens alle getuïenisse byna geheel en al tot 'n skandvlek en verfoeiing geword. Op sportgebied staan ons nou reeds feitlik totaal geïsoleer, terwyl ons ook op kerklike, kulturele, politieke en ekonomiese gebied al hoe meer deur internasionale ostrasisme en isolasie bedreig word. Hierdie dinge kan nie meer, selfs met die inset van die mees bedrewe volstruispolitiek en die slimste rasionalisering en demagogie, verloën of selfs nog verbloem word nie. Objektiewe waarnemers van ons situasie bekommer hulle tereg dan ook oor 'n toestand wat al hoe meer redeloos wil voorkom.

Binnenslands gaan dit egter, in diepere lig gesien, eintlik nog veel erger toe. Want op die wêreldmening — dikwels skromelik oningelig en naïef — kan ons desnoods nog altyd ons rug keer in trotse en toenemend verstrakkende self-isolement. Wat egter besig is om in eie kring, hier onder ons en in ons eie land, te gebeur, durf nie langer oogluikend oor die hoof gesien word nie. En wat besig is om te gebeur, moet voorwaar aanleiding gee tot al hoe dieper bekommernis. Want wat is die werklike situasie hier in ons midde?

### ● UNIEKE RASSEPROBLEEM

Onontwykbaar gekonfronteer deur 'n heel unieke

rasseprobleem waarvoor daar geen algemeen (onder die blankes) aanvaarbare praktiese oplossing skyn te bestaan nie, openbaar die leidliede in ons geledere slegs 'n kenmerklike ongeïnspireerde en soms paniekerige besluiteloosheid op die vooraand van die dreigende krisis, wat werklik ontstellend is. Want dat Suid-Afrika op die lang duur deur 'n egte en heel besondere krisis bedreig word, daaroor het niemand nog ooit eintlik in sy diepste hart getwyfel nie. Hoe dikwels ons onself ook al probeer bluf en die hele saak met lughartigheid of met volksfees-retoriek probeer afmaak, kom ons van die harde feite en van die opstapelende aanklag teen ons en onvermydelike uiteindelijke verdoemenis nie weg nie. Vandaar dan ook die diep-gewortelde bloedvrees en volksangs wat wesenlik onderliggend is aan veral die politieke optrede van die meerderheid van ons blanke bevolking. Vandaar ons krampagtige, verkrampte, vasklamping ten alle koste aan die veelgeroemde dog lank reeds verouderde „waardes” van 'n meer naïewe en primitiewe verlede en aan 'n klaarblyklik uitgediende rassebeleid vir ons land.

### ● ONUITVOERBARE BELEID

Ons politieke regeerders se verbete aandrang op die deurvoering van 'n moreel hoogs bedenkbare en prakties klaarblyklik onuitvoerbare beleid lei tot al hoe meer openlike stommiteite: openbare verklarings, amptelike uitsprake en regeringsreglemente wat van soveel ondeurdagtheid, domheid en daarom dikwels ook onmenslikheid getuig dat dit grens aan werklike paniekbevangingheid. Ons ekonome, nywerheidsbase en bankmagnate kom van tyd tot tyd met gewigtige en hoogs sonore waarskuwings oor huidige „klein”-apartheidspraktyke en oor die vrugte wat dit nog vir ons in die toekoms gaan afwerp — en val dan maar weer gedwee in by die stroom van tydelike apartheidserieflikheid en -wins. Selfs ons regeringsgesinde koerante en tydskrifte publiseer periodiek die mees ontsenuwende syfers en statistieke en maak allerlei nagmerrievoorspellings oor die jaar 2000 — dog sit

skynbaar met hulle hande in hul hare wanneer dit kom by die na vore bring van alternatiewe beleidsrigtinge. Ons sakemanne is storeloos besig om geld te maak, ons beroepsmanne besig om hul beroepe uit te oefen sonder om onnodig „aanstoot” te gee, terwyl ons universiteitsdosente en die meerderheid studente — wat sekerlik wéét hoe laat dit reeds geword het — so af en toe onderlangs mompel of hoogstens ’n selfverdyelende betoging help organiseer. En die groot meerderheid leraars van ons

hongerloon; dat duisende ondervoede kindertjies en oumense — vir ’n groot deel diegene wat, sonder ordentlike voorbereidings en voorsorg, in naam van opruimingswerk in blanke woongebiede volgens die amptelike beleid, en in óns naam, in van die mees onherbergsame streke van ons land „hervestig” is sonder enige heenkome hoegenaamd — vanjaar, soos vantevore reeds, besig is om van loutere hongersnood om te kom; dat ons, hoe ontstellend die feite ook al mag wees, daarmee *gediend* is, omdat dit ons pas, en omdat dit netjies pas binne die raamwerk van ons blanke groepselfsug en die patroon van ewigdurende blanke heerskappy in hierdie land.

## Dr. W. B. de Villiers

kerke wedywer blykbaar met mekaar in ’n poging om die taktvolle swye te bewaar, sodat dit nie gesê kan word dat die kerk „inmeng” in die politiek nie en sodat ons politieke regeerders tog onder geen omstandighede in die verleentheid gestel sal word nie.

### ● LEER LEWE MET RASSEGEWETE

Die heel ergste nog: die gewone (blanke) publiek, die „volk daarbuite”, is besig om te leer saamlewe met ’n rassegewete wat nie langer besweer kan word nie, maar wat ons tog nog steeds op allerlei wyse probeer ignoreer en ontduik. Gladweg en gemaklik troos ons mekaar nog steeds van dag tot dag — jaag ons die hinderlike en ongerieflike spoke weg — met vroom praatjies oor ons tradisionele Suid-Afrikaanse leefwyse; oor die goeie wet en orde wat daar nog steeds in ons land heers; oor voorbeelde van ander lande waar dit veel slegter as by ons toegaan; oor alles wat daar, in materiële sin, tog wel vir ons nie-blankes prakties *gedoen* word; oor die uiteindelijke implementering — hoewel natuurlik nie in óns leeftyd nie! — van ’n meesterbeleid van afsonderlike volkervryhede en -soewereiniteite wat al die klein probleempies wat tans so lastig is, sal oplos.

### ● DIEP IN ONS HART WEET ONS

En intussen wéét ons, diep in ons eie hart, dat ons van dag tot dag steeds besig is om die mees krenkende diskriminasie en kennelike onreg te pleeg teenoor miljoene van ons nie-blanke medeburgers, die stemlose en weerlose helotedom van hierdie andersins so vleklose en geseënde land; wéét ons, of behóórt ons te weet, dat letterlik duisende gesinne deur óns doelgerigte optrede verbrekkel is of word, met al die kwade gevolge soos dronkenskap, prostitusie, misdaad en moord daaraan verbonde; dat ’n hele heerskaars doelbewus „ongeskoolde” arbeiders daaglik deur die haglikste omstandighede gedwing word om vir ons te werk vir ’n honde- en ’n

En ons wéét ook — hoewel ons so dikwels weier om dit vir onself te erken — dat hierdie hulpelose mense óns verantwoordelikheid is, omdat óns voorvaders hulle as die Christenvoogde van hulle voorvaders geroepe gevoel het, en dat wat besig is om met hulle en hul kinders — en daarom ook indirek met óns en met óns kinders — te gebeur, grotendeels óns skuld is; dat bv. die minagting vir wet en orde wat ons so onnoselik besig is om by hulle en hul kinders aan te wakker, onvermydelik ook weerspieël moet word in ’n minagting vir wet en orde onder onself en onder óns kinders.

### ● GEVOELLOOS TEENoor ONREG

En ons gewete pla ons daarvoor in die stilte. Dog ons onderdruk dit met alle mag; krop dit nougeset en angsvallig op tot op die dag van die groot uitbarsting. En só word ons en ons kinders intussen al hoe meer gevoelloos teenoor onreg, ondergrawe ons stelselmatig die onderlinge geregtigheid, grawe ons, met groot retoriese omhaal, vir ons nie-blanke naaste, en daarmee ook vir onself, ’n graf. Want met soveel diepe kwelling van die gees kan daar vir ons nouliks meer enige geluk te smake wees, en met soveel onverhale onreg wat op sy gewete rus, kan geen volk op die lang duur bly lewe nie.

Natuurlik kan die skuld vir al hierdie dinge onverwyld op ons politici gepak word. Want dit is politici wat in hoogste kring besluite maak oor óns lewe en oor ons kinders se toekoms. En politici is ongetwyfeld geneig tot dwaling en het dan ook reeds veel ernstige foute begaan. Nogtans moet daar ruimte vir vergifnis teenoor ons politici in ons hart wees omdat selfs die mees be-gaafde politikus uiteindelik slegs oor eensydige kennis beskik. Hoewel ’n groot mate van die skuld vir die haglike situasie waarin ons ons bevind, dus wel op die skouers van ons staatsmanne gepak kan word, glo ek dat daar ’n groter skuld rus op diegene van wie daar ’n alsydiger kennis en wysheid verwag sou kon word: die gevestigde Christelike kerke in Suid-Afrika, en veral dan die „Afrikaanse” of Afrikaans-Hollandse kerke. Dit is hulle, bowe-al, wat die Suid-Afrikaanse *societas* skromelik in die steek gelaat het.

Hieroor meer in my volgende artikel.

The "Permissive" Society is a misnomer if we are to be honest. In fact the so-called "permissiveness" is merely a shuffling, strained reaction to the alienated, stultified society. This stultification is a result of the mass super-specialised society. Man has become depersonalised and estranged, he has become a thing, a commodity that cannot perceive his worth on the large shelf of existence. In this constricted world man needs outlets, he needs what we might call "expression-avenues" in order to find himself. Man is looking for a way, a path towards becoming himself again. We human-folk need challenges and releases from the hurly-burly of the modern technocracy.

#### WHAT IS THIS "PERMISSIVENESS"?

It has many facets some of which are rather unfortunate manifestations. To label the entire move unfortunate, however, would be unfair and superficial. There are certain aspects, the major ones in fact, which are not only important but are the stuff of which human beings are essentially made. I shall only explore a few of these and attempt to show how these are given expression through our communication media particularly the cinema. "Permissiveness" means honesty — it means looking at life as it really is and not through the lenses of the television or motion-picture cameras.

Let us take homosexuality and lesbianism, for instance, and examine what the "permissive" society "allows" concerning these allegedly "abnormal" forms of behaviour. We see in films like "The Penthouse" and "The Fox" vivid portrayals of the problems faced by these people in our society. These people are the victims of a society that has decided, quite arbitrarily, that two people of the same sex cohabiting is evil and perverse. What then is the "permissive" society's reaction? The films

## SOCIETY — PERMISSIVE ?

IAN BROWDE

analyse the actualities of the situations, they attempt to reveal truthfully the realities of life. Hitherto, the showing of this sort of motion-picture was taboo but today the contention is: let us see boldly and clearly what we live with, so that perhaps we may learn to live with it better.

#### ENTRENCHED TRADITIONS

There are certain traditions in our society which have become so entrenched that we hardly question them at all. These traditions such as discipline and grace, manners and courteousness have with time become exaggerated and rigid. As a result they have become stifling and uncompromising. The "permissive" society deals with these themes by showing us exactly how they look objectively. We perceive ourselves from the comfort of the cinema seat and find ourselves to be ludicrous and small. Films of the "If", "Zed", "Marat-Sade" and "The Arrangement" ilk are representations of real-life situations where we are beginning to perceive ourselves as true men.

Industry and urbanism, concrete and tar, smog and grime have removed man from his Nature, from his essence. He has become an automaton, blinkered and buckled, unable to free himself from the fetters of the steel metropolis. The "permissive" society allows him to indulge in transitory transcendentalism. It

allows him to forget for a while the terrors of the technological zoo, in which he lives. "Permissiveness" calls for man to return to nature, to "flower power" or "Black Pantherism" to identify with raw, untrammelled Nature. It allows him to shed the adornments of "civilisation" and to become man again.

#### WAR AND ALIENATION

Wars are alienated expressions of human conflict, a man depresses a button and thousands die and suffer in another part of the globe. He does not so much as hear their moans, or see their maimed forms or bereft next-of-kin. Films such as "Oh what a lovely war," "The long day's dying" and so on (all examples of the "permissive" era) indicate quite clearly the futility of this activity. Let's rather have men beating one another to death with sweat and blood mingling, smiting one another blow for blow, cry for cry, pant for pant, in vigorous interaction than a cold human callous battle.

The "permissive" epoch calls for the return of man; it wants people to face the truth, to see and acknowledge reality. To view life as it is, harsh-soft, hot-cool — not as a puritanical, scientific utopia.

---

*Mr. Browde is General-Secretary of the Habonim, a Jewish Youth Movement.*

## IN SEARCH OF THE PERMISSIVE SOCIETY

KENNETH BARNES

*Kenneth Barnes, a well-known Quaker from England recently visited South Africa. He gave a long talk on the Permissive Society while in Johannesburg. We offer our readers a condensation of his talk.*

### IN NEED OF SCAPEGOATS

There are certainly many things to disturb us nowadays and the question is: How should we meet the challenge of things that disturb us? There is so often a tendency to put ourselves in the position of righteous moral judgment on others when we are disturbed by things in society. By thinking of them as wrong, we imply in our judgment that we are right. A wrong attitude makes us look in the wrong direction for causes. We will then seek scapegoats — Dr. Spock, modern psychology, teachers who fail to punish, or churchmen who are too modern. Yet what disturbs us are not isolated conditions, but part of the enormous stream we call civilised development.

People who use the phrase the "permissive society" in a pejorative way often refer to young people as expressing a characteristic of the permissive society — their appearance and their behaviour, their use of drugs and their challenge of authority, especially in student bodies.

### PERMISSIVE MEANS "TO PERMIT"

When we use the word "permissive" we mean that somebody permits

something. Now we must recognise that habits, customs and conduct are changing — they always have been. Society never remains static for long. But nowadays the world is changing everywhere very rapidly and changing probably faster than any of us can really understand. However, we need in the situation a historical sense — to know that men, for example, wore very long hair in earlier periods in history. When we complain about nudity and sex on the stage we think that England, for example, had only a Victorian period. In Georgian times nudity was far more common; in the Restoration period comedy was more sexually stimulating than any of the boring stuff which is put on the London stage today.

### FEMINIST MOVEMENT

But there is a development which I think is new and that is the acceptance of equal rights for women. This is something new in history and perhaps a good deal of what we find changing in society is due to this fact that we have at last accepted — almost completely in theory and largely in practice.

Now this was not permitted. It was fought for, tooth and nail. It was resisted at every point by statesmen, by learned men and by churchmen as being wholly unnatural. So there was no question of this being a result of a permissive society; it was fought for and gained in the face of a very conservative and resentful society — of men.

### SEXUAL MORALITY

Now this has affected profoundly our social problems. And of course when we think of the sexual conduct of young people of today, we have to realise that much of what has happened over the last few decades is a result of the fact that women now claim the same kind of rights as men have always enjoyed. Men in general have assumed that they have the right to sexual freedom but that their sisters had no such right.

When you think of the bible, for instance, the Hebrews were the most moral people in history and they worked out the finest moral code probably of any people in recorded history. And yet in their moral code they had complete inequality between men and women. If a woman committed adultery she could be taken out and stoned to death. But a man merely had to go to the girl's father and offer some money and he could add the girl to his already existing wives. There already, in that magnificently sensitive people, you had this terrible inequality of moral standard between men and women.

Women now claim the same rights as men and therefore claim the same freedom to sexual experience. This wasn't permitted. It happened. In the long run the results will be good because a double standard for men and women was an evil thing. Now that we are challenged by a single standard, we have to think more deeply of what sexual morality really is. We have had to realise that rules are not enough. Just as rules did not keep men in order, neither will rules keep women in order. Indeed rules can often be misleading because they draw our attention away from underlying motives and impulses that could not be understood if they are to be controlled.

### DRUGS

Alcohol and drugs present, in a sense, a far more defeating problem. Wherever there is a relationship, even if it is what we think to be an

unconventional or an immoral one, there is something potentially creative. But in the matter of alcohol and drugs there may be almost necessarily a destruction of relationship, a widening of the gap between people themselves and the widening of the gap between themselves and reality. Whatever people may be doing, there is some prospect if they are relating to each other, able to communicate with each other. But if you are removed from contact with reality, what can you do? And this is why the drug question worries me perhaps more than any other.

All drugs to some extent remove people from contact with reality and make them less able to face life as it really is. But what to do about it? I see it as part of a huge money-making racket and I don't think much can be done about it unless we tackle this as a big money-making racket in which a very large number of absolutely unscrupulous people are involved. I see it as a problem mainly for the police and since the police, in nearly every country of the world, have proved remarkably efficient in hunting down possible sources of political contamination, I cannot see why they should not be equally effective in hunting down this equally serious form of contamination of our young people.

#### *AUTHORITY UNDER FIRE*

In the challenge to authority we must focus on the student revolt. I think that much of the students' behaviour is irrational — they do not *really* want to take over the administration buildings and be responsible for the files.

Yet to think that there is some hidden political contamination in student activity or that it is the work of agitators is too easy a solution for so widespread a phenomenon. Today's generation of students is as constructive, as idealistic as any other generation. Probably more so, for the mass media and other forces make

them world-conscious and aware of the kind of world they are being educated to enter; it gives them more real feeling for suffering and more appreciation of the industrial manipulation and exploitation of modern technology. Furthermore, they see industry's tensions and pace as being both impersonal and inhuman. They see, too, the huge complex machinery of law pouring on to statute books with horrifying regularity.

A multiplicity of laws does not encourage people to be law abiding, but in fact has the opposite effect. Far more important is it to reduce the number of laws and set about the task of making people's attitudes constructive and helpful and generous — which is the alternative of creating a set of rules.

#### *SOCIETY NOT PERMISSIVE ENOUGH*

It is extremely difficult, impossible in fact, to separate what people are from the environment that is impressing itself upon them all the time. I would say that, far from being a permissive society, it is not permissive enough and not permissive in the right kind of way. It does not really permit human fulfilment. It puts every possible obstacle in the way of human relationship and it denies human freedom. Freedom is what we all want. But what is it? Freedom is one of those words that is so inclusive as to be almost meaningless and so widely used for such different purposes as to be hardly useful. What I would like to put forward, though, is the idea of *freedom to be human*.

#### *ISOLATION — THE WORST HUMAN FATE*

Perhaps one can approach this idea from the opposite kind of experience — Erich Fromm says that isolation is the worst possible kind of human fate. If you are cut off from other people, from any kind of communication, you are in the worst

possible condition. You can bear poverty, you can bear starvation, punishment, and torture but you cannot bear total isolation. And the fact that this is the most horrible fate that any of us could imagine, i.e., the total isolation from any other human being, the fact that that is the worst possible thing, indicates what our true fulfilment is and what the best possible thing than can happen to us is. It shows us that our greatest need is human intimacy — really intimate, open and loving relationships with other people. This is the meaning of freedom. We achieve freedom slowly as we grow up by knowing better and better how to relate to other people, how to enter fully and fearlessly into friendship and love. How to get away from self-centredness into other-centredness so that the focus of our attention is the world outside ourselves and the people in our community, not the satisfaction of our own personal needs. And we feel most free when we love most deeply and are loved in return. Now we need a society that permits this experience and not only permits it but encourages it, encourages love without romanticising it.

#### *CHRISTIANS AND FREEDOM*

To realise this is difficult, but I do know that there are certain spheres of action in which we can begin to become effective insofar as we call ourselves Christians. We can become effective within a Christian community by trying to create within that community the conditions in which this kind of human freedom can be achieved. We can welcome every effort on the part of the churches and of churchmen when they cease to be judgmental and to deplore the world for its evil deeds and instead become involved with the world, involved with society and are really and truly compassionate and imaginative where society and its needs are concerned.

# KERKLIKE TUG – 'N HEILIGE SAAK

## Boekbespreking

In 'n brosjure\* van 'n blote 32 bladsye sê die skrywer, dr. J. H. P. van Rooyen, meer as wat baie ander dikwels sê in 'n boek van 320 bladsye. Dr. van Rooyen is, uit die aard van omstandighede, 'n omstrede figuur. Hy is nl. predikant van die gemeente Parkhurst, waarin drie van die leiersfigure van die Christelike Instituut van Suider-Afrika en hulle gades hulle as lidmate van die N.G. Kerk bevind. Teen sy eie wil en sin in het hy hom dus, as plaaslike leraar en as voorsitter van die kerkraad van Parkhurst, in 'n uiters netelige posisie, deur 'n amptelike besluit van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk oor die C.I. in 1966 op hom afgedwing, bevind: hy en sy kerkraad moes kies tussen gehoorsaamheid aan die besluit van die sinode of hul eie gewete wat betref behoorlike tugoefening in die gemeente.

Die brosjure is 'n tydige, eintlik lank reeds agterstallige, verklaring vanuit amptelike kring oor die wese en betekenis van die kerklike tug. En vir dr. van Rooyen het dit klaarblyklik duidelik geword dat „ná hierdie besluit (van die Algemene Sinode 1966) . . . dié besluit tog tug impliseer”. Sy brosjure is dan ook niks anders nie as 'n *apologia* vir sy persoonlike optrede en dié van sy kerkraad in die lig van die besluit van die Algemene Sinode en die gewetenskap wat dit op hulle geplaas het.

### TEOLOGIES GEBASEER

Die eerste deel van die brosjure bestaan uit 'n opsomming, klaarblyklik op 'n uiters deeglike teologiese studie van die hele saak gebaseer, oor die gereformeerde siening in sake die kerklike tug. Sentraal bly vir hom die insig dat die kerklike tug „geen wille-

keurige saak” is nie, dat dit een van die „merktekens” is waaraan die „wáre kerk” geken word, en dat dit steeds alleen kan geskied in gehoorsaamheid aan Gods Woord en in onderdanigheid aan Christus, die Koning van die Kerk, self: „die heiligheid van die tug is veranker in die feit dat Christus die Koning van die Kerk is en dat Hy die Kerk regeer”.

Hy gaan dan voort om die verskil aan te toon tussen die verskeie stelsels van kerkregering: die klerikalisme, die kollegialisme en die gereformeerde presbiteriaans-sinodale stelsel. Wat die laasgenoemde betref, kom hy tot die gevolgtrekking dat „in die uitspraak van 'n kerklike vergadering oor 'n saak wat tug inhou, die belangrikste is dat so 'n uitspraak in ooreenstemming met die Woord van God moet wees”.

### EVALUASIE

Dit is teen hierdie agtergrond dat die skrywer tot 'n evaluasie probeer kom van die amptelike besluit van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk oor die C.I.

Sy bevinding sal vir vele skokkend wees, andere ongetwyfeld stem tot diepe nadenke. Reg uit die staanspoor stel hy dit heeltemal ondubbelsinning dat „die besluit van die sinode in geeneen van sy dele verwys na sonde as oortreding van die Wet van God nie. En ook nêrens word daar 'n beroep op die Skrif gemaak nie”. Hy kritiseer die sinode sonder enige omhaal daaroor dat hy hom nie werklik vergewis het van die feite op grond van 'n deeglike persoonlike ondersoek nie. Hy suggereer ook heel duidelik dat die besluit van die sinode op bloot politieke motivering gegrond sou kon gewees het. Wat

hom origens bekommer is dat die N.G. Kerk feitlik alleen staan in sy krasse veroordeling van die C.I., teenoor „'n groot aantal kerke wat nie alleen nie sulke besluite geneem het nie, maar intendeel uitdruklik hul beskermende hand oor hierdie organisasie (die C.I.) hou”. Ook bekommer hy hom ten diepste oor die klaarblyklike gesindheid van liefdeloosheid wat daar geheers het tydens die neem van die besluit.

### SLOTSOM

Dr. van Rooyen se slotsom is dat die Algemene Sinode van die N.G. Kerk op uiters wankelende fondament gestaan het toe hy sy historiese en daarna so dikwels omstrede veroordelingsbesluit teen die C.I. geneem het. Hoewel hy geensins as kampvegter vir die C.I. wil optree nie, voel hy dat daar 'n baie duideliker skriftuurlike motivering vir die amptelike standpunt van die N.G. Kerk teenoor die C.I. verskaf sal moet word, dat daar minstens 'n „deeglike ondersoek” na die C.I. ingestel sal moet word en dat, indien daar uiteindelik bevind word dat tug t.o.v. die C.I. die aangewese middel is, dit slegs as 'n allerlaaste middel beskou moet word.

Met hierdie skynbaar onskuldige en skadelose brosjure het dr. van Rooyen die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, wat weer eens vanjaar (in Oktober) vergader, met 'n turksvy in die hand laat beland wat nie so ligweg van sy dorings gestroop gaan word nie.

W. B. de V.

\*Dr. J. H. P. van Rooyen: *Kerklike Tug — 'n Heilige Saak*, Prompt Drukkers, Johannesburg, Mei 1970.

*Ek is een van die snobs wat nooit na die radio luister nie. Maar op Donderdagaand, 30 April j.l. het ek my verwerdig om tog maar die geminagte apparaat aan te skakel, want vriende het (net betyds) aan my gesê dat daar die aand 'n gesprek tussen prof. Verkuyl en 'n paar Afrikaanse predikante uitgesaai sou word. Nouja, ons het net kort vantevore die genoeë gesmaak om die beminlike ou hoogleraar hier in Kaapstad te verwelkom, ons het saam met hom geëet, en ons het die voorreg gehad om twee hoogs interessante konferensies onder sy leiding by te woon. Dit is dus te verstaan dat ek onder geen omstandighede die uitsending van hierdie radiogesprek wou misloop nie. En ek is nie teleurgestel nie. Dit wás die moeite werd! Anderhalfuur lank, van half-ag tot nege-uur, het ek daar aan die radio vasgenaël gesit; en nouliks was die gesprek afgelope, of my telefoon het begin lui. Van verskillende kante het vriende my opgebél om te vra of ek dit gehoor het, en wat ek daarvan gedink het. En so het dit seker daardie aand oor die hele land heen gegaan. Almal het gevoel: hier was gepraat oor sake wat ons bestaan ten diepste raak.*

*Die redakteur van PRO VERITATE het nou aan my 'n getikte verbatim kopie van die gesprek, soos op die band opgeneem, en deur die Afrikaanse Diens van die S.A.U.K. verskaf, gestuur, met die versoek dat ek 'n kort beskouing oor die gesprek vir hierdie blad wil skrywe. Ek het hierdie teks sorgvuldig gelees, en wat hier volg, is enkele van my indrukke. Ter wille van die oorsigtelikheid gee ek dit onder opskrifte.*

## VIER TEEN EEN

**Prof. André Hugo**

*'n Kort Beskouing oor die Radiogesprek met Professor Verkuyl*

### DEELNEMERS

Behalwe prof. Verkuyl het aan die gesprek deelgeneem: dr. J. S. Gericke, dr. J. D. Vorster, en prof. W. J. Snijman. Ek sê „saam”, maar ek sou eintlik moet sê „teenoor”, want hulle was deurgaans sy opponente; en aangesien die radioman wat as voorsitter opgetree het, mnr. Morkel van Tonder, algaande self ook 'n aktiewe deelnemer aan die debat geword het, het dit beteken dat prof. Verkuyl man-alleen teen vier opponente te staan gekom het. In 'n gemeedelike gesprek oor koeitjies en kalfies sou dit natuurlik geen saak maak nie; maar hierdie gesprek was van ander kaliber. Hier het dit gegaan oor die allerbelangrikste begrippe wat tans in die teologie en in die politiek werksaam is, en waaroor baie diepgaande meningsverskille bestaan. Daarom vind ek dit *nie juis* en ook *nie hoflik*, van die S.A.U.K., dat hulle die skaal so ongelyk gelaai

het nie. Sou dit nie in elke opsig beter gewees het as prof. Verkuyl met een medestander teenoor twee opponente geplaas was nie? As dit gebeur het, sou die gesprek waarskynlik ook heelwat anders verloop het, en 'n ander karakter vertoon het. Dit bring my tot die tweede punt.

### AARD VAN DIE GESPREK

As onderwerp van bespreking is deur die gesprekleier aangekondig: *“Die Gereformeerde Kerk en Geregtigheid in Volkere-verhoudings”*. Met verbasing moet 'n mens egter konstateer dat hieroor maar betreklik min gesê is. Prof. Verkuyl het die saak goed aangesny deur te begin oor „Geregtigheid in die Bijbel”, en met alle mag het hy probeer om die gesprek in hierdie baan te hou; maar sy opponente het ander sake op hul agenda gehad. In plaas van 'n goeie teologiese gesprek oor die gereformeerde siening aangaande gereg-

tigheid as Bybelse eis in die verhoudings tussen volkere, het ons 'n debat gekry oor die oorsese „laster teen die blankes van Suid-Afrika”; oor die laakbare metodes wat „teen S.A. se kerke en teenoor ons land” aangewend word; oor die geregtigheid „wat ons vir onself moet opeis” — kortom, oor al die *loci communes* van die apartheid-apologete. Nou was hierdie redeneringe verre van ongegrond, en myns insiens het dr. Gericke en Vorster hierdie punte goed gestel en goed gestaaf; maar die vraag is, of dit werklik ter sake geag kon word, en of dit enige bydrae kon lewer tot 'n behoorlike gesprek oor die gegewe onderwerp. Ek moet dit betwyfel. Prof. Verkuyl het nie begin deur S.A. en sy beleid aan te val nie, maar sy opponente het onmiddellik van leer getrek deur S.A. en sy beleid te verdedig! Waarom?

Op hierdie wyse moes noodwendig afbreuk gedoen word aan die kwaliteit van die gesprek. Maar wat myns insiens heeltemal ongepas was, en wat die voorsitter beslis nie moes toegelaat het nie, was, dat sowel dr. Gericke as dr. Vorster hierdie radiogesprek misbruik het om 'n hele reeks van *persoonlike* aanvalle op prof. Verkuyl te doen. Met gebruikmaking van aanhalings uit artikels en boeke deur hom gepubliseer, is agtereenvolgens óf openlik gesê óf duidelik gesuggereer dat hy skuldig sou wees aan (i) gebrek aan ware simpatie met die blanke inwoners van S.A., (ii) gebrek aan 'n sin vir geregtigheid t.o.v. Suid-Afrika, (iii) sestien „frappante onwaarhede” binne 'n bestek van 27 bladsye, (iv) opsetlike blindheid vir feite wat nie in sy kraam pas nie, (v) bewandeling van verkeerde teologiese paaie in geselskap van dr. Kuitert, (vi) loëning van die skepping uit een bloed van die menslike geslag, van „die boodskap van Genesis”, (vii) onverskoonbare veronagsaming van die beginsel van differensiasie tussen die volkere, (viii) verwringing van die Evangelie tot 'n „social gospel”, (ix) kommunistiese simpatie; en les bes, as klap op die vuurpyl, (x) sameswering ter



ondersteuning van terrorisme teen Suid-Afrika! (Laasgenoemde met verwysing na die tans reeds klassiek geworde Ulvenhout-beraad.)

Dit is 'n formidabele lys van aanklagte en insinuasies. Vir enkele aanklagte, met name nrs. ii, iii, en iv, kon 'n mate van aanneemlike bewys aangevoer word, en Prof. Verkuyl het dan ook op een of twee punte ruitelik erken dat hy gefouteer het. Op ander vrae het hy bepaald ontwykend geantwoord; wat jammer was. Dit ly myns insiens geen twyfel dat hy by geleentheid al te maklik dinge geskryf het wat nie heeltemal waar of billik was nie. Die resterende ses aanklagte kan sonder meer as onsinnig afgeskryf word. Dit is die oorbekende uitinge van geeste wat elke prinsipiële teenstander van die apartheid-beleid ten alle koste as 'n ketter en gewelddoener wil brandmerk. Ons ken dit al so goed!

Maar daarom gaan dit my nie. My klag is, dat 'n „teologiese” radio-gesprek met 'n buitelandse gas deur Afrikaanse kerkleiers aangegryp is as 'n geleentheid om persoonlike aanvalle op die gas te loods, en hom sodoende in die kwaadste moontlike lig te stel voor die luisteraarspubliek van Suid-Afrika. En ons kerkleiers is so ingenome met hierdie prestasie, dat hulle (na ons onlangs verneem het) etlike duisende eksemplare van die teks van hierdie gesprek in druk gaan versprei!

Ek steek my kop in skaamte weg vir die Kerk waaraan ek behoort. Weet ons dan nie meer wat *hoflikheid* is nie? En is dit die peil waarop ons meen dat 'n ernstige teologiese gesprek gevoer moet word? My leser moet asseblief in gedagte hou dat Prof. Verkuyl baie maklik, as hy wou, dieselfde kon gedoen het. Hy kon óók met knipsels en sitate gekom het. Hy kon óók aan dr. Gericke voorgehou het wat hy toe en toe, en aan dr. Vorster, wat hy daar en daar gesê het of geskryf het. Watter oorvloedige materiaal sou hom dan nie ter beskikking gestaan het nie! 'n Hele argief! Hy sou, om maar iets te noem, aan hulle kon gevra het

watter besluite hulle in 1968 te Lunteren onderteken het, en wat hulle sedertdien ter uitvoering daarvan gedoen het. Maar Prof. Verkuyl het dit nie gedoen nie. Hy het, soos dit 'n ordentlike debatteerder betaam, *ad rem* gepraat, en nie *ad hominem* nie.

### KONKREET EN ABSTRAK

Dit moet elke luisteraar opgeval het dat die Bybelse begrip van die *Geregtigheid*, soos toegepas op die politieke en maatskaplike lewe, vir Prof. Verkuyl, 'n baie *konkrete* saak is. Dit beteken vir hom „rasiale”, ekonomiese, sosiale en kulturele geregtigheid; dit beteken „participasie van elke groep in die sentrale verantwoordelijkheid, de sentrale macht”; dit het te doen met sake soos arbeidswetgewing, loonpeile, die reg van arbeiders om te organiseer en hul gedagtes vryelik uit te spreek, ens. En wat kry hy hierop ten antwoord? Mooi woorde van dr. Verwoerd, en die plegtige versekering dat ons ook werklik niks anders as geregtigheid beoog nie! Dit bly alles in die *abstrakte*; en die sentrale vraag, nl. *wat die Gereformeerde Kerke in S.A. die afgelope jare gedoen het om daadwerklik geregtigheid vir alle groepe IN CONCRETO te bevorder*, word nêrens eens aan die orde gestel nie — laat staan nog, dat dit beantwoord sou word. In hierdie verband is dit interessant om op te merk dat, terwyl prof. Verkuyl by herhaling spreek van deelname aan die *sentrale mag*, sy teëstanders (met name dr. Gericke en prof. Snijman) 'n heeltemal ander taal praat („om die volkere elkeen in hul *eie gebied* te laat woon sodat die een groep die ander nie sal oorheers nie”), en dan tóg volhou dat hulle daarmee genoegsame bewys van „goeie trou” in hierdie saak gelower het!

Dr. Vorster sien selfs kans om die volgende te sê: „Prof. Verkuyl sien die hele verhouding wat die Transkei betref, en die regte van die swart Afrikaner, natuurlik heeltemal verkeerd as 'n diskriminasie, wat hoegenaamd nie bestaan nie. Dieselfde regte wat hulle in hulle land het, het

ek hier in my deel van die land (sic!), en die regte wat ek nie daar het nie, het hulle ook nie hier nie. So, daar is geen diskriminasie nie. Dit is elkeen op sy eie gebied . . .” — Is dit *moontlik* dat so iets nog altyd, in die jaar 1970, in alle erns aan 'n ter-sakekundige besoeker uit die buiteland opgedis kan word? Watter indruk moet soiets die buiteland gee van die intelligensie van die Afrikaner?

Tevergeefs het prof. Verkuyl probeer om die aandag te vestig op die werklik toestande in die Transkei, op die regtelose toestand van honderdeduisende Bantoes in die stedelike gebiede, wat net so behandel word „als het proletariaat in die 19de eeu in West-Europa behandel werd”, en op die onomstootlike feit dat alle nie-blanke inwoners van S.A., hetsy Bantoes, Kleurlinge of Indiërs, as tweedeklas en derdeklas burgers van die land behandel word. Dit was tevergeefs. Sy opponente was slim genoeg om hulle nie met dáárdie vrae in te laat nie! Hulle weet al uit ondervinding waar dit 'n mens kan bring. Pasop vir die konkrete werklikheid! Alleen die abstrakte toekoms-ideaal kan uitkoms gee. Ironies klink dit dan, om juis prof. Snijman te hoor sê: „Ek meen ons moet rekening hou met die werklikheid van die lewe . . .”! Ja. Ironies. Maar ook dit ken ons al so goed.

### SOLIDARITEIT

Dit is ook opvallend dat prof. Verkuyl die enigste deelnemer was wat met duidelike, omvattende *teologiese visie* gepraat het, en telkens weer nuwe — soms verrassende — vergesigte kon laat oopgaan. Een van die begrippe wat hy beslis vir sy hoorders laat leef het, was dié van die *solidariteit* van die Christen met hulle wat swaarkry en wat verdruk word. Terwyl dr. Vorster en Gericke tot satwordens toe bly sanik het oor die gruwelike onreg wat teenoor die *blankes* van S.A. gepleeg word, hoor ons prof. Verkuyl sê: „Is het klok-gelui van de bevrijding van de Ber-grede niet dit: Zalig zijn die honge-

ren en dorsten naar de gerechtigheid? En dan is het zo, dat wij de partijgangers van Christus moeten zijn en dan aan de zijde van de „have-nots” moeten gaan staan, en niet alleen de rechten van de „have's” moeten benadrukken.”

Dit klink na die taal van die Evangelie. En in dieselfde gees gaan hy voort om ook pragtige woorde te spreek oor die *restructurering* van die maatskappy as 'n „structurele bekering” náás die persoonlike bekering: Met verwysing na die profete van Israel sê hy: „We moeten leren spreken over *collectieve zonden* ook, en niet alleen over persoonlike. We moeten leren spreken over structurele bekering, en niet alleen over persoonlike.”

Insteede van hierop in te gaan, het dr. Vorster van wal gestee met 'n onsalige uiteensetting oor Adam en Babel; maar gelukkig het prof. Snijman tussenbeide gekom, en besonder waarderend en positief uitgebrei op wat prof. Verkuyl oor die „restructurering” te sê gehad het. Dit was een van die weinige oomblikke in die gesprek waar prof. Verkuyl bejeën is met dieselfde weldadige hofflikheid waarmee hy die ander bejeën het.

### DIFFERENSIASIE

Teenoor prof. Verkuyl se beklemtoning van die *solidariteitsbeginsel*, d.w.s. die eenheid van die menslike geslag as uit een bloed geskape, het dr. Vorster met groot beslistheid die — volgens hom — ewe belangrike beginsel van die *differensiasie* geponeer, „wat net so duidelik geleer word, net so duidelik in die Skrif gestel word”.

Ons weet almal, dit is sinds jaar en dag een van die kosbaarste geloofsartikels van almal wat soos dr. Vorster dink, want hoe sou hulle daarsonder ooit hul saak uit die Bybel kon bewys?

Maar prof. Verkuyl het dit resoluut afgewys. „Is die differentiatie van het menselijk geslacht, die gescheidenheid, werklik net so belangrik als die eenheid? Ik wil dat zéér nadrukkelijk ontkennen, juist op grond

van de Bijbel.” En dan ontwikkel hy hierdie sienswyse verder aan die hand van die geskiedenis en van die Nuwe Testament. En telkens en telkens weer klink dan op, hoe belangrik dit is, dat ons verstaan wat die *versoeningswerk* van Jesus Christus beteken, óók vir die lewe van die nasies. Hieroor was nogal heelwat te doen gewees, veral rondom die uitleg van Efese 2:14 („die middelmuur van skeiding”); maar dát die versoening ook sosiale en politieke konsekwensies het, daaroor was almal dit eens. Die vraag is natuurlik, of ons van Afrikaanse kant al ooit *erns* gemaak het daarmee!

### DIE NUWE JERUSALEM

Een van die mooi uitsigte wat prof. Verkuyl vir ons laat oopgaan het, was toe hy die debat oor differensiasie afgesluit het met die woorde: „En dan wou ik U graag dit ten slotte zeggen, dat in de Bijbel de wereldgeschiedenis uitloopt op een *ekumenopolis*, op *het nieuwe Jeruzalem*, waarin we allemaal samen zijn, en dat de Bijbel zegt, er moeten lijnen lopen tussen ons persoonlijk en collectief handelen en het nieuwe Jeruzalem . . . We moeten in die richting werkzaam zijn, en als we in die richting niet werkzaam zijn, dan saboteren we.”

Soos te verwagte was, het dr. Vorster hierop geantwoord met die argument wat ons in S.A. nou al so dikwels gehoor het: „In die nuwe Jerusalem in eskatologiese sin het u te doen met die staat waarin daar geen sonde en geen wanverhoudings meer kan wees nie.” (M.a.w., dit is enkel 'n saak van die toekoms.) Prof. Verkuyl. „Maar ik zeg u dit, dr. Vorster, *als we hier op aarde, hier en nu, niet reeds werken in de richting van dat eschatologische*, dan maken we van de godsdienst opium voor het volk.” Pragtig! Hiermee is, na dit my voorkom, in een enkele sin afgereken met al daardie eindelose gejammer oor die „gebroke werklikheid waarin ons lewe”, wat reeds in die boek *Grense* (1961) en daarna so dikwels gebruik is as gerieflike ekskuus vir die „*theologia nimis otiosa*” (Cal-

vyn), die „alte gemaklike teologie” van ons Afrikaanse kerke, wat langs hierdie weg wil ontsnap aan die Bybelse opdrag tot 'n evangeliese transformasie van die maatskappy.

### OOTMOED EN FELHEID

Teen die einde van die gesprek het mnr. van Tonder gevra waarom Prof. Verkuyl, wat in een van sy boeke dringend gepleit het vir *ootmoed* in ons veroordeling van die Kommunisme, so weinig ootmoed openbaar in sy veroordeling van die situasie in Suid-Afrika.

'n Baie redelike vraag. Prof. Verkuyl: „U vraagt terecht, waarom is iemand als Verkuyl zo *scherp* tegen de apartheidsideologie. Weet u waarom ik zo *scherp* ben? In communistische landen worden de ongerechtigheden bedreven in de naam van Mao tse Toeng en van Lenin, maar hier wordt soms de structuur van ongerechtigheid in de verhouding tussen de rassen verdedigd in de naam van *Christus*, en dat is ook mijn Heiland, en daarom kom ik daar tegen op.”

En dan is dit tipies, dat dr. Gericke *nie* hierop ingaan *nie*, maar dadelik die gesprek op 'n ander spoor bring deur te vra waarom prof. Verkuyl van 'n *ideologie* praat. Daarop het prof. Verkuyl geantwoord deur te verwys na die begrip „*Christelik-Nasionaal*”; en daaroor het vervolgens 'n baie interessante bespreking ontwikkel, veral met prof. Snijman. Maar op die lewensbelangrike *verdediging van onreg in die naam van Christus en Christendom*, wat aan die wortel van soveel ellende in Kerk en politiek lê, is *nie* weer teruggekome. Jammer!

### BESLUIT

Toe dit tyd word om af te sluit, het die voorsitter dr. Gericke versoek om 'n „laaste afrondingswoord” te spreek. Ek kan dit *nie* hier volledig weergee *nie*, maar dit het kortiks neergekom op 'n „*plea for understanding*”: ons vra om 'n gebalanseerde oordeel, ons vra om begrip

(*Vervolg op agterblad*)

## BRIEWE

## ANTWOORD OP „ANTWOORD”\*

*Dr. N. Lee, Winterton, Natal.*

In *Die Kerkbode* van 11 Maart, het ek my verplig gevoel om my Bybelse besware te stel teen die „Christelike Verkiesingsmanifes” wat dr. W. B. de Villiers aan my en aan ander predikante gestuur het. Dáár het ek punt vir punt probeer aantoon waar elkeen van die Manifes se 12 stellings m.i. onskriftuurlik is en ook in stryd met die Gereformeerde belydenis is.

In die inhoudsopgawe van *Pro Veritate* van 15 April, word die eerste twee artikels daarvan soos volg beskrywe: „Ds. Beyers Naudé, Direkteur van die Christelike Instituut, beskryf hoe die Algemene Verkiesing die Afrikaanse kerke affekteer, en anders om”, en „In ’n vlymskerpe antwoord op dr. Nik Lee verwerp dr. Ben Engelbrecht die valse vorm en interpretasie van die gereformeerdeheid wat aangetref word onder apartheidspologete”. Daar dien egter daarop gelet te word dat lg. artikel nie net ’n persoonlike aanval op dr. Lee loads nie, maar, soos nou aange-ton sal word, ook op die gangbare rasseopvatting van die ganse Ned. Geref. Kerk. En daarom sal dit goed wees as die N.G. Kerk en sy *Kerkbode* kennis neem van dié artikel van dr. Engelbrecht wat hom op p. 4 daarvan „as lidmaat van die Ned. Geref. Kerk” beskrywe.

Dr. Engelbrecht se „vlymskerpe antwoord op dr. Nik Lee”, wil ook ons N.G. Kerk ewe vlymskerp tereg-wys. Immers, „Dr. Lee spreek slegs die bekende taal wat enigeen van die kerklike of teologiese toonaangewers van die Ned. Geref. Kerk ook kan spreek. Dit sou ’n aanvaarde stuk van die Algemene Sinode kan word.” (p. 3.) Trouens dr. Engelbrecht het my Bybelse besware teen die liberale Verkiesingsmanifes probeer etiket-teer as „’n *Volstrek anti-evangeliese interpretasie van die Christelike*

evangelie, *gesanksioneer* deur ’n Christelike kerk”, en as „die *tiperendste* uitdrukking van wat in die huidige politieke en geestelike klimaat in ons land as eg-Christelike beskou word (p. 4) (my kursivering—N.L.)

Hoewel ek in my brief van 11 Maart nie minder nie as 30 keer ter beoordeling van die Manifes na die Skrif verwys het, en hoewel dr. Engelbrecht self in sy „vlymskerpe antwoord” daarop slegs ’n enkele keer na die Skrif verwys (en slegs dan net na Gen. 11:1-9, wat ek voorheen aangehaal het), sien hy sy weg tog oop om my beskouings saam met dié van die Ned. Geref. Kerk waarmee hulle volgens hom ooreenkom, as „’n *Volstrek anti-evangeliese interpretasie van die Christelike evangelie*” te bestempel.

Dr. Engelbrecht se „vlymskerpe antwoord” op my kritiek op die liberale Verkiesingsmanifes word ook nie net teen die Ned. Geref. Kerk gerig nie, maar selfs teen die Nasionale Party! Dr. Engelbrecht wil hom nie net verstout om „kategoriees te verklaar” dat die N.P. se „beleid van ‚regverdige’ rasse-apartheid prakties onuitvoerbaar is” nie, maar hy voel hom ook genoodsaak om daaraan toe te voeg: „My stem vir die Nasionale Party sou vir my neerkom op ’n verloëning van Christus, nee, meer nog: ’n *Stem teen Christus*.” (p. 4.) „Hoe enige Christen tot so ’n offer bereid kan wees, is vir my nie duidelik nie. Ek beslis nie,” gaan dr. Engelbrecht voort, „al moet ek my ‚gereformeerdeheid’ vir goed teen hierdie weiering inruil. Dan staan ek nog liewer as ’n ‚heiden’ bekend. mèt Christus as ’n ‚gereformeerde’ apartheidsgelowige sònder Christus.” (p. 11.)

Ek sal die laaste een wees om te eis dat dr. Engelbrecht vir die N.P. of vir die V.P. of vir enige parlementêre party moet stem. Elke kieser word die reg gegun om volgens sy eie Christelike gewete vir die party

van sy eie keuse te stem. Maar ek wil graag glo dat selfs dr. Engelbrecht, as hy maar net daarvoor ’n bietjie dieper sal nadink, tog sal erken dat hy hom hier nogal heelwat te kras uitgedruk het. Trouens, het ek en die meerderheid Christus-gelowige stemmers en lidmate van ons Kerk ons dan wêrklik skuldig gemaak aan ’n „verloëning van Christus” en het ons wêrklik ’n „Stem teen Christus” uitgebring toe ons onlangs gestem het vir die uitvoering van ’n ander rassebeleid as dr. Engelbrecht s’n, ’n beleid wat ons tog meen op Christelike lees geskoei is? Is die meerderheid van dr. Engelbrecht se mede-lidmate van die N.G. Kerk dan wêrklik „sònder Christus” en selfs „teen Christus” net omdat hulle met dr. Engelbrecht durf verskil oor die Christelike basis waarop Suid-Afrika se rasseverhoudings uitgevoer moet word?

In sy „vlymskerpe antwoord” beweert dr. Engelbrecht dat hy deur die *liefde* aangevuur word — deur liefde „vir Suid-Afrika” (p. 4), deur liefde „vir ons landgenote”, en selfs deur „die liefde van Christus” (p. 11). Ondanks al hierdie liefde vind dr. Engelbrecht dit nogtans „sielsvermoeiend” om my besware te ontleed (p. 3), ja, selfs „’n geestelike marteling en in die grond van die saak ’n tydsverkwisting” want „Dr. Lee se Kerkbode-brief werp ek hiermee dus wat my betref in die snippermandjie van ongereformeerde rommel” omdat dit tog maar net ’n „onaangename herinnering” en „’n tipiese voorbeeld is van die manier waarop enige vorm van outentiek Christelike getuïenis in politieke aangeleenthede in ons land tans — en vir baie jare al — mishandel word.” (p. 4.) Dr. Engelbrecht moet my hier reghelp, maar ek kan nog nie insien hoe sy snippermandjiebeleid en sielsvermoeïing te rym is met die liefdevolle geduld van Christus wat ons leer om selfs vyande lief te hê nie (Matt. 5:44-48).

Inderdaad, die jammerlikste van alles is dat dr. Engelbrecht hom liefdeloos weerhou van opregte dialoog met andersdenkendes. Enersyds wil hy „arrogant genoeg wees om die ganse leërskaare van gereformeerdes van dr. Lee se soort uit te daag” (p. 4), maar andersyds is my Bybelse beware teen dr. Engelbrecht hulle se liberale Verkiesingsmanifes „so vergesog en so bevooroordeelde dat dit vir die opstellers van die Christelike manifes net nie meer *moontlik* is om daarop te antwoord nie.” Dr. Engelbrecht „het dan ook *geen voorneme of begeerte* om dr. Lee te probeer antwoord nie”, want „dit sou *futiel* wees om hieroor ’n redenasie te probeer voer” (p. 3). „Ek sien dus daarvan af om dr. Lee te *probeer* antwoord” (p. 4.) (My kursivering. —N.L.)

Oer presies hoe „vlymskerp” dr. Engelbrecht se „antwoord” is, kan ons lesers self oordeel. Intussen is dit inderdaad tragies dat hy duidelik impliseer dat sy andersdenkende Kerkgenote, op grond van hulle konserwatiewe politieke oortuigings, „teen Christus” en selfs „sonder Christus” is. Maar as hy dit ég glo, dan moes hy maar selfs as sielsvermoeide en geestelike gemartelde desnieteenstaande sy rommel uit sy snippermandjie gaan haal en sy kosbare tyd bietjie verkwis om sy s.i. dwalende broeders en medelidmate van ons Kerk vanuit *Gods Woord* te probeer verlig!

\* Hierdie brief is oorspronklik gerig aan die redaksie van *Die Kerkbode*, wat gevoel het dat dit beter sou pas in *Pro Veritate* aangesien dat dit ’n reaksie is op ’n artikel uit die pen van Dr. Ben Engelbrecht (*Sal ek offer wat jy vra?*) wat in ons April-uitgawe verskyn het.

#### Dr. Engelbrecht antwoord:

Dr. Lee moet maar weer die Christelike Manifes en sy *Kerkbode*-brief met mekaar vergelyk. Miskien moet hy, as hy êrens so iemand kan vind, dit vir ’n onbevooroordeelde persoon gee om te lees en hom vra

wat hy daarvan dink. Wie weet, dan sal daar dalk vir hom lig opgaan oor die inhoud en toon van my artikel in die April-uitgawe van *Pro Veritate*, wat ek van my kant nie as ’n „vlymskerp” antwoord aan hom bedoel het nie (dit was die redaksiese kwalifikasie) maar as ’n uitdrukking van my verslaenheid. Eers as dr. Lee bereid is om sy wilde en ongegronde konklusies en die valse beskuldigings wat hy teen die opstellers van die Manifes gemaak het, terug te trek, kan daar, wat my betref, van enige verdere sinvolle diskussie sprake wees. As hy Bybeltekse wil hê waarop ek my houding grond, noem ek bv. I. Kor. 5:11: „maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as ’n broeder bekend . . . ’n kwaadspreker (is) nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie”. En na aanleiding van sy verwerping van altruïstiese selfverloëning as ’n uitvindsel van die liberaliste teen wie hy so ongebreideld te velde trek, en sy verheffing van selfliede tot ’n goddelike gebod — diametraal in teenstelling tot Jesus se eie woorde (Matt. 16:24v.), Paulus se uitdruklike leer (Fil. 2:3v.) en blykbaar dr. Lee se eie herinnering aan wat in die Skrif staan (Matt. 5:44, wat hy hierbo aanhaal!) — verwys ek hom na II Tim. 3:2 en 5: „Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees . . . mense wat ’n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af”. Dit sal dr. Lee miskien ook baat om Sondag 43 van die Heidelbergse Kategismus ’n keer aandagtig te lees. Intussen verseker ek hom dat ek die laaste reël van Matt. 5:44 ten opsigte van hom sal probeer nakom.

My opmerking dat dr. Lee se *Kerkbode*-brief ook ’n aanvaarde stuk van die Algemene Sinode sou kan word, sal ek onvoorwaardelik terugtrek, met verskoning en berou, as ’n bevoegde kerklike instansie dr. Lee sou bestraf oor die onregverdige leed wat hy belydenisgetroue lidmate van die Kerk met hierdie brief aangedoen het en oor standpunte wat

hy daarin verkondig asof dit die sanksie van die Ned. Geref. Kerk geniet (dié oor liefde en diskriminasie, bv.).

Dit behoort m.i. vir enige mens met ’n elementêre sin vir waarheid en reg duidelik te wees dat, as ’n ernstige kerklike vermaning êrens gepas is, dan in dr. Lee se geval oor hierdie saak. Dit is tog ondenkbaar dat dit onbepaald in die Kerk toegelaat kan word dat, omdat dit tog maar net die klomp liberaliste en kettters van die Christelike Instituut betref, elkeen wat wil, ’n vrypas mag hê om enige ding te sê, solank die steniging maar volkome geskied en elke klip wat gewerp word, goed gemik is. Dit kan egter nie van enige lidmaat van die Ned. Geref. Kerk wat die Manifes onderteken het, of van enige lid van die Christelike Instituut verwag word om hom met beswaar oor dr. Lee se uitlatings tot ’n kerklike instansie te wend met die versoek om die nodige vermaning uit te spreek nie. Uit wrange ondervinding weet hulle dat dit meer as tevergeefs sou wees.

#### VIER TEEN EEN

(*Vervolg van bladsy 16*)

vir die moeilike probleem waarmee ons worstel, ons vra om erkenning van ons integriteit en ons goeie bedoelinge. Géén dank vir vrugbare gedagtes deur die besoeker uitgespreek nie; géén dank, ook, vir die buitengewoon hoflike en tegemoetkomende gees waarin die besoeker hom teen al die aanvalle verweer het nie.

’n Mens sou dink dat die voorsitter hierop ook aan die buitelandse gas die geleentheid sou gee om van sy kant enkele woorde ten besluite te sê. Maar dit is skynbaar nie nodig geag nie. En so kon die Afrikaanse luisteraars dan daardie aand gaan slaap met die aangename gevoel dat hierdie listige Hollander tog maar lekker op sy plek gesit was.